## Oor die lewe van Judas Iskáriot

**125**(Die Meester:) "Hierdie leerling (Judas Iskáriot) is `n sprekende voorbeeld daarvan. Hy was die enigste seun van sy uiters welgestelde vader en ook van sy tot sterwens toe op hom verliefde, dwase moeder. Die gevolg was dat beide ouers hul seun aapagtig vertroetel en hom in alles `n vrye hand gegee het en ook alles gegee het wat hy maar wou hê; en die gevolg daarvan was dat die jongman, toe hy groot geword het, die ouers uit die huis verjaag het en hom met verkeerde vrouens vermaak het soveel as wat sy natuur maar kon verdra.

[2] Dit het nie lank geduur nie totdat hy ook soveel van die besittings van die ouers deurgebring het, dat vir beide slegs die bedelstaf oorgebly het en hulle weldra van kommer en verdriet gesterf het.

[3] Maar die jongman, wat nou eweneens heeltemal verarm was, kom nou bietjie tot inkeer, en begin hom uiteindelik af te vra: 'Ja, waarom het ek nou so en nie anders geword nie? Ek het myself nie gebore laat word nie, en nog veel minder verwek; myself opvoed kon ek tog ook nie - en tog sê almal vir my in my gesig dat ek `n ellendige skurk en booswig is wat deur sy liederlike en slegte streke sy ouers hul hele vermoë wat hulle met moeite verwerf het, ontneem het en hulle na die bedelstaf en ten slotte selfs ontydig in die graf gedryf het!

[4] Wat kan ek dan daaraan doen? Alles wat ek gedoen het, kan ten beste baie sleg wees, maar is dit mý skuld dat my ouers my nie tot iets beters opgevoed het nie?! Maar wat moet ek nou doen? Arm, sonder geld, sonder huis, sonder werk, sonder brood! Steel en roof sou die maklikste wees om dadelik iets te bereik; maar om as onhandige dief betrap en dan koelbloedig gestraf te word, is seker ook nie aangenaam nie! Met die roof lyk dit nog slegter! - Ek weet nou egter wat ek sal doen! Ek leer die een of ander vak, al is dit maar die ou, dom pottebakkery waardeur my vader ryk geword het!

[5] So gesê, so gedaan! Hy gaan na `n gemoedelike pottebakker in Kapernaum vir opleiding en leer sy kuns vlytig binne `n kort tydjie. Die ou pottebakker het egter `n dogter wat kort daarna die vrou van die kunstenaar se leerling word.

[6] Maar so rojaal soos ons Judas vroeër was, so hard en gierig word hy nou as meester pottebakker. Sy vrou het dikwels onder sy hardheid gely. Hy maak goeie koopware, en begin alle markte te besoek, en laat sy huisgenote tuis gebrek ly en werk tot hulle daarvan neerslaan. As hy met baie geld van `n mark af huis toe kom, gee hy die ywerigste werkers wel `n loon, maar kom hy met minder verdienste huis toe, dan gebeur daar onaangename dinge in sy skamele woning.

[7] Om hom naas sy pottebakkery nog `n byverdienste te verskaf, het hy ook `n vissery gepag en begin hom `n paar jaar gelede toe te lê op die natuurlike toorkuns, omdat hy in Jerusalem meermale gesien het hoeveel geld Egiptiese of Persiese towenaars daarmee verdien. Hy het egter nie veel daarmee verrig nie, hoewel hy baie geld daarvoor uitgegee het. Hy neem vir daardie doel ook les by `n paar Essene wat buite hul orde lewe wat hom wysgemaak het dat hulle, indien nodig, ook met gemak `n wêreld sou kon skep met alles wat dit bevat en daarin is.

[8] Maar hy het baie gou tot die oortuiging gekom dat hy die bedroëne is en keer sy geslepe meesters die rug toe. In hierdie jaar het hy gehoor wat Ek alles doen en dat alles wat mens op hierdie aarde tot dusver 'wonderwerke' genoem het, daardeur in die hoogste graad oortref word.

[9] Dít was dan ook die werklike rede waarom hy hom by My aangesluit het en tuis alles verlaat het ten einde slegs die doen van wonderwerke te leer en daarna baie goud en silwer te verdien.

[10] My leer kan hom weinig skeel. As hy luister na wat Ek sê, wil hy eintlik slegs `n uitleg hoor van hoe, en met watter middele Ek die een of ander wonderwerk tot stand gebring het. Wel, daaroor hoor hy nooit iets wat vir hom bruikbaar is nie en daarom is hy steeds nors.

[11] Verder sal daar vir hom wat hierdie wêreld betref, by My `n ontsettende swaar rekening wag. `n Verraderlike handeling en die daaropvolgende bitterste vertwyfeling sal `n selfmoordenaar van hom maak en `n strop en `n wilgerboom (*Bybel sê vyebom*) sal sy treurige einde op hierdie wêreld wees! Want hy is iemand wat die Elohim wil beproef, wat `n groot misdaad is en moet wees. Wie dit egter waag om `n misdaad teen Elohim te begaan, sal dit ook teen homself nie nalaat nie. Eers teen Elohim en dan teen homself!

[12] Maar Ek sê vir julle dat selfmoordenaars beswaarlik ooit Elohim se aangesig in die ewigheid sal sien! Ek sou julle ook selfs die matematies vasgestelde oorsaak daarvan kon wys; maar dit is nie werklik die moeite werd nie. Dit is voldoende dat julle My glo wat Ek julle aandui oor die gevolg van selfmoord. Die oorsaak daarvan lê altyd in `n soort domheid, wat voortspruit uit vertwyfeling, en dít is `n gevolg van `n misdaad teen Elohim of teen Sy gebooie."

## Die gevolge van `n verkeerde opvoeding

**126**(Die Meester:) "Mens vind weliswaar die gebooie van Elohim uiters goed en regverdig, maar daar is ook mense wat niks daarvan wil weet om volgens die gebooie te handel nie, maar enkel en alleen vir die wêreld lewe. Met sulke mense kan mens natuurlik niks, of hoogstens `n swak transaksie aan-

gaan. Wie met hulle `n saketransaksie aangaan, is al dadelik van die begin af aan die mees bedroëne en die een vir wie hy te slim is. Maar die een wat hom met sulke wêreldse mense inlaat om voordeel uit hulle te trek, moet gewis erg dom wees, andersins sou hy sy vennote wel beter deurskou het alvorens hy homself met hulle ingelaat het om sake te doen.

[2] Tog het so `n mens, hoewel hy taamlik dom is en steeds ietwat op winsbejag uit is, altyd nog `n goeie hart. Maar juis deur sy domheid is sy geloof daarby swak en vertrou hy min op Elohim. Hy dink en sê wel altyd: 'Laat ek eers maar eendag regtig ryk word! Dan eers sal ek die beste mens ter wêreld word en my ook alle middele verskaf waardeur ek die mistieke God-wese beter en helderder kan leer ken! Vir die arme wêreld sal ek dan alle denkbare weldade verrig en na duisende jare sal my naam nog steeds genoem word! As die ryk, wêreldse mense eers eendag ondergeskik word aan My, dan sal al die ander dinge wel meteens vanself kom!'

[3] Met dié ydele hoop gaan so `n dwaas deur die lewe, maak planne en wend pogings aan en soek met sy planne toenadering tot die grotes en rykes wat met hul skerp, wêreldse verstand in sy uitvindinge al gou `n voordeel vir hulleself sien. Die dom, spekulerende mens laat hom deur hulle mislei en word daarby op `n wyse wat ten hemel skrei bedrieg en om die bos gelei.

[4] Dan staan hy daar met al sy planne en hoop, volkome uitgeplunder en totaal sonder middele en sien geen uitweg meer nie. Die geloof in Elohim en `n vaster vertroue op Elohim se mag, goedheid en hulp was by hom altyd al so goed as glad nie aanwesig nie. Met die wêreld het hy deur die bedrog, waardeur hy alles verloor het, alle verbinding verloor. Sy verstand is te dom en kan ondanks alle soeke en ondanks alle inspanning, geen uitweg vind nie.

[5] Wat het dit nou tot gevolg? Vertwyfeling, en daardeur `n gloeiende afkeer van die bestaan, omdat dit skyn asof daar nêrens ook maar enigsins verdraaglike vooruitsigte hulle voordoen nie! In dié koorshitte neem so `n dwaas dan gewoonlik sy lewe en word `n selfmoordenaar. Dat hy daardeur sy siel dikwels `n onvoorstelbare groot skade aandoen, kan julle duidelik aflei uit die feit dat so `n mens hom nog steeds baie lank verder wil vernietig, omdat hy beslis reeds `n dodelike haat teen die bestaan koester, want andersins sou hy geen selfmoordenaar geword het nie. Daardie soort domheid is egter by niemand aangebore nie, maar slegs die gevolg van `n slegte en verkeerde opvoeding.

[6] Wie sy kinders werklik liefhet, moet dit tog voor alles ten doel stel om hulle siele so op te voed dat hulle nie deur die materie verslind word nie. As die siele op die regte wyse opgevoed word, is hulle die vinnigste in staat om die gees in hulle op te neem en sal hulle nooit dom word nie en van selfmoord sal daar nooit enige sprake wees nie.

[7] Maar by julle kinderopvoeding wat op apeliefde berus, veral in die stede, is daar nie `n ander resultaat moontlik nie. Maak julle kinders daarom reeds vroegtydig gewoond daaraan om die ware ryk van Elohim in hulle hart te soek, dan het julle hulle daardeur meer as koninklik versier en vir hulle die grootste en beste erfdeel verwerf, tydelik sowel as ewig!

[8] Vertroetelde kinders sal egter nooit as te nimmer ware volwasse mense word nie! Al gebeur daar met hulle niks ergers verder nie, of as hulle nie iets ergs word nie, vorm daar mettertyd by hulle tog `n bepaalde swak kant, wat deur geen mens beledig of selfs maar aangetas mag word nie. Word so `n swak kant aangeroer en bespreek of selfs beledig, dan is dit gedaan met so `n mens. Hy sal rasend en toornig word en verseker probeer om hom op elke denkbare wyse op die belediger te wreek, of hom minstens baie nadruklik waarsku om daardie soort truuk vir altyd te vermy, omdat dit vir hom andersins ontsettend ernstige gevolge sou hê.

[9] So `n swak kant wat voortspruit uit die vrye wil en uit die kennis, is uit die aard van die saak eintlik nie iets slegs nie; maar dit is tog `n swak plek in die siel waar dit altyd kwesbaar bly en dit nie net hier nie, maar ook nog lank in die hiernamaals.

[10] Daarom moet julle by julle kinders ook besonder daarop let dat hulle in hulleself geen sogenaamde swak plek ontwikkel nie, want dit word vir die siel dieselfde as chroniese, halfgenese siektes. As die weer altyd goed is en die wind daarby uit `n goeie hoek kom, merk mens daar niks van nie en die mens wat dit besit voel heeltemal gesond; maar sodra slegte weer in die lug homself maar begin aankondig, begin sulke swak plekke in die liggaam hulle ook dadelik te roer en maak die mens dikwels vertwyfeld van pyn.

11] So besonder moeilik soos dit vir enige dokter is om sulke ou kwale van die liggaam te genees, net so moeilik en dikwels nog moeiliker is dit om sulke ou verwondings van die siel te genees. As die skipper sy skip wil behoed teen beskadiging, moet hy nie daarheen vaar waar in die see allerlei klippe en koraalbanke voorkom nie, maar slegs daarheen waar die water die geskikte diepte het. En so moet die opvoeder van kinders soos `n egte, lewenservare stuurman, sy klein lewenskippies ook nie laat rondvaar oor al die wêreldse, rotsagtige vlakwaters nie, maar hom dadelik meer op die innerlike lewensdieptes waag en dan sal hy die klein skippies teen gevaarlike beskadiging behoed en daardeur die kroon verwerf van `n egte lewenstuurman!

[12] Heil aan hom wat ook hierdie woorde ter harte neem; hy sal nie sonder seën vir hom en sy mense bly nie!

[13] En nou, nadat ons hierdie bysaak, wat hom voorgedoen het deur die optrede van leerling Judas Iskáriot, nuttig bespreek het, keer ons weer terug tot ons beskouinge oor wording en skynbare vergaan en ons wil nou heel in die besonder daardie laasgenoemde in oënskou neem!"